

**12 Februarie**

**Skrifgedeelte: Psalm 145:1-21**

**Fokusgedeelte: Psalm 145:1, 18**

**Jubel oor die grote God!**

Dink bietjie aan 'n muis in die tyd van Josef en die hongersnood in Egipte. Wanneer daardie muis die groot skuur vol koring sien, juig hy, want daar is so baie koring dat hy nie die einde daarvan kan bereken nie.

Jubel oor jou groot God wat Koning is oor alles en almal. Hy is só groot dat as jy na sy werke in die skepping kyk, is dit asof jy by 'n diep poel helder water sit en staar en jou daarin verwonder dat jy nooit die bodem daarvan kan vind nie. Sy grootheid is onmeetlik. Hy is so groot dat alles en almal vir hulle versorging van Hom afhanklik is. Sy groot goedheid oor alles en almal maak Hom hoogs lofwaardig. In sy neerbuigende liefde is Hy regverdig in al sy werke. Hy is so groot in sy barmhartigheid en genade dat Hy sy eniggebore Seun stuur om vir die sondige mens volkome versoening te doen. In Jesus Christus skenk Hy jou alles wat jy nodig het om gelukkig te lewe en te sterwe.

Terwyl Hy vir alles en almal sorg, is Hy naby dié wat Hom as Koning liefhet een eer. Sy besondere sorg behoort aan jou wat Hy as sy eiendom gekoop het deur die bloed van Jesus. Jy kan nie anders as om daarop te reageer met 'n persoonlike “ek” nie. Ja, ook “ek” wil die Here loof. Teenoor jou nederige “ek” staan die “U” van God in die psalm uit as al die redes vir jou lof. U majesteit, u magtige daade, u wonderdade, u grootheid, u goedheid, u geregtigheid.

*Sing: Psalm 145:1, 2, 10, 12 (Totius)*

*Ds DJ Bakker (Boksburg)*

